

**Maandag 13 Mei**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 6:11-18**

**Fokusgedeelte: 6:14-15**

**Genade staan sentraal**

Aan die einde van die Galasiërbrief sien ons dat Paulus uit 'n diepe oortuiging praat. Hy sê: “Ek skryf self.” Dit beteken dat hy nou nie meer dikteer en gebruik maak van iemand wat hom help skryf nie. Sy sig was vermoedelik al swak, daarom die groot letters. Hy wil iets beklemtoon: In die lewe sal hy slegs roem in die kruis van Christus en dis hoe dit hoort vir elke Christen.

Hy waarsku ons teen twee groot vyande van die kruis: Aan die een kant 'n godsdiens waardeur mens jousef wil red deur goeie werke én aan die ander kant 'n godsdiens wat vryheid jou god maak.

Die een kant sê: As jy nie hierdie of daardie wet nakom nie, is jy eintlik verlore. Die stryd in die vroeë kerk het gedraai rondom die Ou-Testamentiese wette. Daar was diegene wat gesê het: “Ja, Jesus red jou, maar jy moet nog steeds besny word, anders kan jy nie deel wees nie.” In vers 12 wys Paulus die valsheid hiervan uit. So 'n godsdiens is gefokus op die uiterlike en boonop het dit geen krag nie. Dit vuur 'n godsdiens aan wat gaan oor wat mense dink, dit maak Jesus se kruisoffer leeg en lei nie tot aanbidding nie.

Die ander kant sê: Net die mense wat glad nie besny is nie, is welkom in die kerk. Vandag sou dit dalk pas by bewegings wat sê: “As jy kan wegloop van die tradisionele kerke en jousef nie laat onderdruk deur moets en moenies nie – as jy vryheid kan najaag bo alles, is jy reg.”

Paulus sê: Nee! Geloof is om in Jesus Christus en Hom as gekruisigde Here te glo en te roem. Hy het my gered van my sonde en is deur sy Gees besig om van my 'n hele nuwe mens te maak. Genade staan sentraal!

*Sing: Psalm 32-1:1*

*Ds. J (Hanno) van Schaik (Burgersdorp)*